Die stad Tirus

G. J. Du Preez 072 1876 076

2.

Tirus

Om die stad Tirus te ontbloot moet ons kyk hoe en waar sy ontstaan was.

In Gen 49:20 kry 'Aser' een van die 12 broers sy voorspelde toekoms uit Jakob (Yashar'EL) se mond dat "*spys, vet en lewer koninklike lekkernye*" sy voorland sal wees. Aser het gaan woon in die Noordelike gedeelte teen die see wat verower was deur Josua as bevelvoerder. In Deut. 33:24 staan : *En van Aser het hy gesê: Geseënd is Aser bo die seuns; laat hy die liefling van sy broers wees, en een wat sy voet in olie insteek*. So het Aser rustig geleef soos dit in Rug. 5:17 staan:... *Aser het bly sit aan die seekus en aan sy baaie rustig gebly*. In Jos. 19:29 lees ons dat Aser 22 stede ontvang het as gebied vir sy nageslag waarvan Tirus een van die stede was. Aser soos van die ander broers het sekere volke nie verdryf uit hulle stede nie en hulle laat lewe weens hulle eie redes. Die Stad Tirus met hulle bewoners was natuurlik in hulle noppies om te kon bly lewe en het voortgegaan met hulle normale lewe, maar met die verskil dat daar nou 'n nuwe heerskappy tussen en oor hulle was. Hulle was in die begin van heerskappy van die Yashar'EL goedgesind waarvan ons dit kan lees in : 2 Sam. 5:11; 1 Kon. 5:1 en baie ander verse. Dus was die Tirus manne tussen die Noordelike 10 stamme waar hulle rustig handel gedrywe het met alle volke, en so het Aser skatryk geword. Weens hulle koop handel het die Tirus manne soveel skatte bymekaar gemaak dat hulle hulself begin afsonder weg van die Aser familie. Hulle het die twee stede wat hulle vergun was so sterk opgebou dat ander volke hulle nie maklik kon oorweldig nie. Toe Yashar'EL in nood begin verkeer het, het hulle eerder hul oë toe gemaak en aangegaan met die lekker wat hulle bekom het by Aser. YAH het kwaad geword vir Tirus, veral toe hulle so breëbors rond geloop het. Ons lees in *Eseg. 26:2 Mensekind, omdat Tirus oor Jerusalem geroep het: Ha, ha! die poort van die volke is gebreek, dit is na my toe gedraai; ék sal vol word, dit is verwoes*— Self terug in Jes. *23:1* Staan: ~~*Godspraak*~~ *Profetiese uitspraak oor Tirus. Huil, skepe van Tarsis! want dit is verwoes, sodat daar geen huis, geen terugkeer meer is nie. Uit die land van die Kittiërs het dit aan hulle openbaar geword.*
Bo het ek uitgewys dat die land of stad "Tirus" een van die stede was wat Aser ontvang het as belofte van YAH deur sy pa Jakob (Yashar'EL).

Met die agtergrond van die stad Tirus kan ons voortgaan om uit te wys wat die profetiese uitspraak vir ons nou deurgee in verband met die stad. Baie gee dit deur as Ha satan en sy stad, maar die teendeel gaan ek nou wys. In Eseg. 26 begin ons lees van die profetiese uitspraak teen Tirus waar Nebukadnesar 'n bevel gegee het dat Tirus aangeval en verower moet word en dat Tirus toetaal vernietig sal word weens hulle onregverdigheid en onbroederlike liefde. In Amos. 1:9 kan ons lees van die verbond wat gebreek was deur hulle koning.

Ons lees dat baie nasies teen Tirus sal wees en dat die stad sal vernietig word. Dit sal ‘n rots word waar visserman hul nette droogmaak en dat Tirus nooit weer herbou sal word nie. In 573 v. M. het koning Nebukadneser ‘n gedeelte van Tirus op die vasteland vernietig (*Die stad was in twee dele, ek wil amper sê dat die stad wydsbeen gestaan het; Die een deel was op vasteland en die ander deel weg van die vasteland op ‘n groot eiland*). Met Nebukadnesar se vernietiging van die vasteland gedeelte het baie van Tirus se manne na die eiland gedeelte van Tirus gevlug waar hulle beskerm was deur die omringende see. In Jes. 23 lees ons dat hulle vergete en met rus gelaat was vir 70 jaar,(*Dit was die tydperk waar die 2 stamme in ballingskap was*). Maar in 332 v. M. het Alexander die grote gekom om Tirus te verower. Alexander het eers ook gesukkel soos Nebukadnesar weens die see beperking, maar hy het bevel gegee dat die vasteland gedeelte van Tirus wat in puin gelê het (deur sy voorganger Nebukadneser) opgetel moes word en in die see gegooi word op pad na die eiland Tirus. Dus het hy ‘n pad na die eiland gemaak dat hy en sy manne te perd na die stad kon gaan. In die jaar 1291 het die Moslems die eiland waar Tirus was verower en tot vandag toe ‘n plek gemaak het waar vissermans hul nette droog.

Ons gaan nou oor na Eseg 28 waar die verwarring is oor die werklike koning en sy heerskappy. Eseg. 28:*1-7 Verder het die woord van ~~die HERE~~ YAH tot my gekom en gesê: Mensekind, sê aan die vors van Tirus: So spreek ~~die Here HERE~~ YAH van die leer skare: Omdat jou hart hoogmoedig was* (Tirus met sy rykdomme weens koophandel in smaragte, goud en koninklike sorg) *en jy gesê het: Ek is ‘n god, ek bewoon ‘n godewoning in die hart van die seë* (‘n Groot eiland naby die vasteland*)—terwyl jy tog ‘n mens is* (Lees mooi daar staan nie engel, satan, duiwel of Lusifer in die gelese stuk nie, selfs nie in die hele stuk waar Esegiël sy profetiese boodskap gee nie) *en geen god nie—en jou hart gemaak het soos die hart van ‘n god;* (Tirus met sy goddelike lewe het hulle hulself as “gode” aangestel en vergelyk met “gode”) *kyk, jy is wyser as Daniël, alles wat verborge is, is vir jou nie te duister nie!* (Die koning word vergelyk met Daniël as mens en nie met ‘n gerub of engel nie)*Deur jou wysheid en deur jou verstand het jy vir jou rykdom verkry, ja, jy het goud en silwer in jou skatkamers verwerf; deur die grootheid van jou wysheid in jou koophandel het jy jou rykdom vermeerder,*(Wat sou ‘n engel of gerub met aards skatte maak as hy weet dat dit hom niks sal baat as ‘n hemelwese nie?) *en jou hart het hoogmoedig geword deur jou rykdom; daarom, so sê ~~die Here HERE~~ YAH van die leer skare: Omdat jy jou hart gemaak het soos die hart van ‘n god, daarom, kyk, Ek bring vreemdes oor jou, die geweldigste nasies, en hulle sal hul swaarde trek teen die skoonheid wat jou wysheid verwerf het, en jou glans ~~ontheilig~~ ontreinig* (*Ons as nakomelinge lees uit die Skrifte van ouds, “veral die profetiese boodskappe” om sodoende leringe daaruit te ontvang*).

Wat sal dit ons baat as die boodskap aan boodskappers is in plaas van die volk van YAH ? Dus moet daar ‘n boodskap vir ons wees as aards bewoners en nie boodskappers wat daardeur moet leer nie. Tirus word nie net in Esegiël beskryf nie, maar in: Jes. 23; Jer. 27; Joël. 3; Amos. 1 en Sag. 9.
Al die gegewe verwysings gaan oor ‘n aardse koning en sy koninkryk wat deel uitgemaak het van die 12 seuns van Jakob wat self verhewe geword het.

Eseg. 28:8-10 In die kuil sal hulle jou laat neerdaal, en jy sal in die hart van die seë die bittere dood sterwe van een wat verslaan is. Sal jy werklik sê, in die aangesig van hom wat jou doodmaak: Ek is ‘n god! —terwyl jy tog ‘n mens is in die hand van hulle wat jou deurboor, en geen god nie? Jy sal die dood van onbesnedenes sterwe, deur die hand van vreemdes; want Ek het dit gesê, spreek ~~die Here HERE~~ YAH van die Leer skare (Duidelike boodskap aan ‘n mens en nie ‘n boodskapper of Ha satan nie. Daar staan : ‘*en jy sal ‘n bittere dood sterwe in die see’* dus kan dit net ‘n mens wees, want boodskapper of Ha satan kan nie gedood word nie. Die boodskappers of Ha satan het nie ‘n liggaam wat kan vergaan soos die mens sin nie. Hulle wag op die oordeel van VADER dat hulle na die ewige dood moet gaan. Dink net gou daaraan; hoe deurboor jy ‘n boodskapper of Ha satanse hand of hoekom sou daar ‘n besnydenis gewees het onder die boodskappers as dit ‘n verbondtekening is ? Daar staan dat vreemde volke jou sal dood, dus nie een van die 12 Yashar’EL stamme nie, maar Babiloniërs en Moslems sal kom om jou te verwoes. Nou kan daar gevra word, maar kan ‘n boodskapper of Ha satan gedood word deur ‘n mens of ‘n vreemde volk ? Nie eens amper nie, want die vleeslike het geen krag om ‘n geestelike te dood nie.

Wat ook na gekyk kan word is dat Tirus deur ‘n koning met die naam Hiram vanaf 980 tot 947 v. M. geheers was, maar die dispuut gaan oor die tydperk tussen 591 tot 573 v. M. Die tydperk van Hiram was ‘n vredes tydperk tussen hom en die volk Yashar’EL, maar die volgende tydperk is waar die volk op gebreek was in twee en daarna (*Die 10 stamme in verstrooiing en die 2 stamme na Babel vir 70 jaar*). Dit was die tyd toe die volk van YAH in nood verkeer het en die koning van Tirus { Et-Baäl die tweede } en sy rykdomme nie wou instaan om te help nie.
Eseg. 28:11-16 Verder het die woord van ~~die HERE~~ YAH tot my gekom en gesê: Mensekind, hef ‘n klaaglied aan oor die koning van Tirus, en sê vir hom: So spreek ~~die Here HERE~~: YAH van die Leer skare Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid. Jy was in Eden, die tuin van ~~God~~ VADER; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei. ~~Jy was~~ ‘n gérub (was) met (jou) uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op ‘n ~~heilige~~ rein berg; ‘n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes.

Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is. Weens die grootheid van jou koophandel het hulle jou binneste met geweld gevul, en jy het ~~gesondig~~ oortree; daarom het Ek jou as ~~onheilige~~ onreine van die godeberg afgedrywe, en Ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig, o gérub wat beskut!

Die eerste gedeelte van die vers hier bo kan gesien word dat die koning 'n voorspoedige en welvarende heerser was waarvan sy navolger die hoogmoedige een was. Met die uitwysing dat hy in "Eden" was moet mooi verstaan word. In Eseg. 20:6 staan*: Op dié dag het Ek My hand vir hulle opgehef, om hulle uit Egipteland uit te lei na 'n land wat Ek vir hulle uitgesoek het, wat oorloop van melk en heuning—'n sieraad is dit van al die lande. Deut 11:11,12 Maar die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem, is 'n land van berge en laagtes wat van die reën van die hemel water drink; 'n land waar ~~die HERE~~ YAH jou ~~God~~ Skepper voor sorg; die oë van ~~die HERE~~ YAH jou ~~God~~ Skepper is altyddeur daarop, van die begin van die jaar tot die einde van die jaar.* Dus was "Eden" die landstreek wat vir die Yashar'EL volk beloof was en waarvan hulle dit geërf en bewoon het. Die ander volke wat tussen die uitverkore van YAH gewoon het, het tussen YAH se edelstene gewoon. Dit is die stene wat Aäron op sy bors gedra het en word mooi uitgelig in hulle benaming. Die verskillende stene of 12 stamme was hulle vooruitgang en so ook hulle bedekking (*beskerming*). Wat ook uitgelig kan word is dat YAH Jerusalem gekies het as Sy plek waar Hy Sy Naam sal vestig: *1 Kon. 11:36 ….my kneg Dawid altyd 'n lamp kan hê voor My aangesig in Jerusalem, die stad wat Ek vir My verkies het om My Naam daar te vestig;* Dus kan die gebied rondom Jerusalem uitgelig word dat dit aan YAH behoort , wat Syne is, is rein en word gekoppel aan 'Eden'.
Vers 14 staan: "Jy was 'n gérub" is verkeerdelik geplaas deur die vertalers, want in KJ staan: Thou *art* the anointed cherub. Let op dat die "*art*" skuins gedruk is om uit te wys dat dit nie in die oorspronklike teks staan nie. Dit moet "with" wees, en dus 'n toetale ander betekenis deurgee, "Thou *with* the anointed cherub".
Kyk gerus na Ex. 23:20 waar 'n "Boodskapper" uitgewys word wat bewaar en beskerm: *Kyk, Ek stuur 'n ~~Engel~~ Boodskapper voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat Ek gereedgemaak het.* Dié "Boodskapper" weet ons is YAHUSHA wat saam met die volk getrek het en dat hulle op pad is na die land van melk en hening(Eden). Nou dieselfde Boodskapper wat YAH / YAHUSHA is het in die tempel gewoon wat deur Salomo gebou was (1 Kon. 8:20). Kan jy al agterkom die geweldige Krag en Mag wat daar teenswoordig was in Jerusalem. Die omgewing was astronomies en die buurvolke het gesidder vir die vurige gesteentes van YAH, want hulle was YAH se oogappel en daarom die "Eden" vergelyking !

In Jes. 63:9 Staan*: In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die ~~Engel~~ Boodskapper van SY aangesig het hulle verlos; deur Sy liefde en deur Sy medelyde het Hy hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd.*
Hierdie gelese vers wys mooi uit dat YAHUSHA vir die volk omgegee het. Dus die gérub in vers 14 kan eerder YAHUSHA die Seun van VADER wees. Wat van die "*afgesonderde berg*" mag jy vra. Lees saam in: *Jes. 56:6,7 En die ~~uitlanders~~ verlore seuns wat hulle by ~~die HERE~~ YAH aangesluit het, om Hom te dien en om die Naam van ~~die HERE~~ YAH lief te hê deur Sy knegte te wees—elkeen wat die Shabbat hou, sodat hy dit nie ~~ontheilig~~ ontreinig nie, en hulle wat vashou aan My verbond, hulle sal Ek bring na My ~~heilige~~ reine berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in My huis van gebed; hulle brandoffers en hulle slagoffers sal welgevallig wees op My altaar; want My huis sal 'n huis van gebed genoem word vir al die volke.*
Dus YAH se reine berg is Jerusalem; Sy huis van gebed was die Tempel wat Salomo gebou het; Sy Altaar voor die Tempel. Eseg. 20:4;Jes. 66:20.

Soos bo uitgewys was oor die 12 edelstene van YAH oor wie en wat hulle was, lees ons weer in vers 14 dat die koning: *"gewandel tussen vurige gesteentes"*. Dus het die Tirus koning en sy bewoners gewandel tussen die "*vurige gesteentes*" Is dit nie 'n geweldige gedagte nie!

Toe kom daar die uitspraak: "*en jy het ~~gesondig~~ oortree"* Nou kan ons vra, maar hoe kon hy oortree ?

Hier is sy aanklag:
Amos. 1:9 So sê ~~die HERE~~ YAH: Oor drie oortredinge van Tirus, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hulle 'n ganse bevolking as ballinge aan Edom uitgelewer het en nie gedink het aan die broederverbond nie.
Eseg. 26:2 Mensekind, omdat Tirus oor Jerusalem geroep het: Ha, ha! die poort van die volke is gebreek, dit is na my toe gedraai; ék sal vol word, dit is verwoes— daarom, so sê ~~die Here HERE~~: YAH van dié Leer skare Kyk, Ek het dit teen jou, o Tirus! en Ek laat baie nasies teen jou optrek soos die see sy golwe laat optrek.
Eseg. 28:2 Mensekind, sê aan die vors van Tirus: So spreek ~~die Here HERE~~ YAH van die Leer skare: Omdat jou hart hoogmoedig was en jy gesê het: Ek is 'n god, ek bewoon 'n godewoning in die hart van die seë—terwyl jy tog 'n mens is en geen god nie—en jou hart gemaak het soos die hart van 'n god;

Graag wil ek net weer die gedagte daar plaas oor die geweldige situasie. Die uitsprake en dat ons met "Eden" te doen het.

As ons die begrip "Eden" uit Genesis vat soos*: 2:8 Ook het ~~die HERE God~~ YAH ons Skepper 'n tuin geplant in Eden, in die Ooste, en daar aan die mens wat Hy geformeer het, 'n plek gegee. 2:15 Toe het ~~die HERE God~~ YAH ons Skepper die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak. Gen 3:23 Toe stuur ~~die HERE God~~ YAH ons Skepper hom weg uit die tuin van Eden om die grond te bewerk waaruit hy geneem is.*

Dus kan ek 'n eie interpretering deurgee tot openbaring.
Die ontstaan van die tuin van Eden kom 100% uit 'n water skepping. Doen gerus ondersoek en sien dat water nie geskep was deur YAH nie. Dit was alreeds daar. Dus behoort die waters aan VADER waarvan SY Seun na die waters gegaan het en die "tuin van Eden" Aarde geskep het uit daardie waters van VADER. 'N besondere skepping met planeet en sterre stelsels daarin. Ek wil sê dat YAH dit eenkant en alleen daar geskep het net vir Hom. In Gen. lees ons hoe YAH uit en deur waters die aarde geskape het met mens en al die ander skeppinge daarop. Hy het reëls daar gestel en daarvolgens moes die aarde voortbestaan in die kringloop van verganklikheid tog tot ewigheid sal intree.

Nou die skepping op aarde het sy heerskappy ontvang waarvan Adam begin het om te heers. Ons weet dat Ha satan sy slag geslaan het om heerskappy oor te neem by Adam tot vandag toe. Telkemaal het YAH ingetree om Sy heersers wat Hy daar gestel het terug te plaas, maar soos ons lees was dit telkemale terugslae en afvalligheid.

Oor die eeue kan ons sien dat Ha satan en sy magte baie sterk is, want hy het nie net eenmaal sy slag geslaan nie, maar baie male. Met die slinkse maniere het hy die gevalle seuns van VADER se doelstellings bevorder. Na Eva se geval in die 'tuin' het hy in die agtergrond in beweeg.

Hier is 'n paar hoof gevalle na Eva se verlyding:
1) Gevalle 'seuns' van VADER (*Hulle het by die vroue ingegaan van die Adam geslag en ook gemors met die skepping van YAH*)
2) Gam se seun Kanaän (*Sodom en Gomorra*)
3) Abraham (*Verbond verbreking deur sy nageslag*)
4) Isak en Ismael (*Erfgenaam verwarring*)
5) Jakob en Esau (*Bloedlyn verbastering*)
6) In die woestyn (*Uittog uit Egipte met geklaag en murmureringe*)
7) Afvallige volk in die rigters tyd (*Wil 'n ander koning hê)*
8) Afvallige volk in die konings tyd (*Aanbidding van gode*)
Met al die gevalle bo kon Ha satan nie aan geraak word nie, want hy "is mos onskuldig" hy het dit nie gedoen nie, maar wel die aangehits om dit te doen!

Nou kan ek sê dat Ha satan die 9 de en voorlaaste spel gespeel het toe YAHUSHA dié Seun van VADER op aarde gewees het. Sy eerste was in die tuin van Eden en die tweede was met Abram (*Toe die verbonde gesluit was*). Die derde was met YAHUSHA wat sy voorlaaste spel was. Ons as uitverkore verwag Ha satan om weer op die toneel te verskyn as die een wat sal kom in die plek van ons koning YAHUAH.

Ek sluit net om weer "Tuin" uit te lig waar die stad Tirus was.

YAH het die aarde in Sy wysheid geskep en so ook dit wat daarop is. Op die aarde skep Hy, en vir die interessantheid stuur Hy die ongehoorsames altyd van die oorspronklike punt van skepping na die ooste. YAH gee opdrag dat daar 'n afbeeldsel gemaak moet word wat in die hemele is (*Soos YAH vir Moses gewys het op die berg Sinai Ex. 25:9,40).*

In Tirus se geval is dit dieselfde, al YAH se edelstene wat die uitverkore volk was, was daar. Sy Tabernakel was daar. Sy altaar was daar. Sy boodskappers was daar. Hy was getroud met hulle. Hy was hulle "Man" en heerskappy het van Hom gekom. Hoor julle dit, die hemelse was direk op aarde waarvan die ander volke dit besef het en gesidder het! Toe gebeur dit wat bo uitgewys word. Die vurige gesteentes het hulle glans verloor en is oor die wêreld geslinger. Ha satan het sy slag geslaan onder die volk en is tans steeds besig onder hulle.

Soos YAH dit in die verlede genoem het in *Gen. 3:15 En Ek sal vyandskap stel tussen jou (*Ha satan*) en die vrou,(* Yashar'EL*) en tussen jou saad en haar saad. Hy (*Ha satan*) sal jou die kop (*heerskappy*) vermorsel, en jy (*Yashar'EL*) sal hom in die hakskeen byt (*jy sal agterkom en Ha satan aan sy hakskeen gryp en hom omruk sodat heerskappy weer kan herstel*).*

Ek sluit met die traktaat om te bevestig dat ons uiters waaksaam moet wees, want in die behandelde stuk kan ons duidelik sien dat ons nie met Ha satan as persoon te doen gehad het nie, maar wel met sy beïnvloeding. Hy wat mensewesens wat lyk soos die uitverkore tussen hulle laat woon om hulle uit te moor.
Sy hele gedagte gaan oor dood en verbastering (*Wat ook dood beteken*).

Bedink dit.

Ns.: Afgesonderdheid (Verbastering) Gen.2:23.; 24:3,4.; 43:32.; 46:34.; Ex.2:11-13.; 11:7.; Lev.20:26.; Num.23:9.; 25:1-18.; Deut.7:1- 6.; 14:2.; 17:15.; 23:2-6.; 32:8,9.; Jos.23:11-13;. 2 Sam.7:23,24.; 1 Kon.8:53.; Esra.4:3.; 9:12.; 10:2-12.; Neh. 2:20.; 10:29,31.; 13:1,3.; Job.24:1-25.; Ps.135:4.; Jes.1:29.; 20:4,5; 41:8-10.; 43:1.; 63:19.; 44:21-23.; Jer.2:14.; 13:23.; Klaag.1:10.; Eseg.16:1-63.; 28:24-26.; 34:30,31.; 37:21,22.; Amos.3:1,2.; Miga.5:1-3.; Sag.14:21.; Mal.2:15.; Matt. 10:6.; 15:24,26.; 19:28.; 25:32,34.; Joh.17:8,9.; Luk.1:33,55,68.; 16:8; 19:10.;